

## **Les 19 DIE HERE BEGRAWE ONS SONDIGE GEAARDHEID**

### **1. Sondaars is God se vyande**

Verlede keer het ons gesien dat mense hulleself as God se vyande sien. Hulle wil met God baklei omdat hulle verkeerd doen. En die rede? Omdat hulle wil hê dat God moet toegee en aanvaar dat hulle sonde doen. Hulle wil met God baklei en vir Hom wys dat hulle net so groot soos God is, en dat hulle nie na Hom hoef te luister nie.

Wanneer God met mense praat wat voel hulle is Sy vyande, en vir hulle sê wat hulle moet doen, dan maak God hulle net lus om te wys dat hulle nie na Hom sal luister nie.

Die Bybel noem hierdie houding by mense: mense se sondige geaardheid. Dit is hulle houding om net méér lus te word vir sonde wanneer God sê wat hulle moet doen.

### **2. God maak sonde wakker as Hy sê mense “moenie”**

Hoe werk dit? Hoe kan die goeie wet van God die krag wees wat sonde aandryf? Dit verduidelik Paulus in Romeine 7: *“<sup>5</sup> Toe ons nog ’n sondige lewensbestaan gevoer het, was die sondige hartstogte wat deur die wet wakker gemaak is, in elke deel van ons liggame werksaam en het ons vrugte gedra in diens van die dood... <sup>8</sup> Maar deur hierdie gebod het die sonde ’n vastrapplek gekry en elke soort begeerte in my aan die gang gesit, want sonder die wet is die sonde dood.”*

Die Tien Gebooie maak sonde wakker! Die wet van God sit mense se sondige begeertes aan die gang! Die Tien Gebooie veróórzaak nie die begeertes nie. Hierdie begeertes lê so stil en sluimerend in die geaardheid van mense. Die goeie wet van God maak die sondige wil, gevoel en gedagtes in mense wakker; sit dit aan die gang.

Dit is nie slegte maats nie. Dit is nie drank of slegte ouers nie. Al wat ’n mens volgens die Bybel nodig het om wakker en lus vir sonde te wees, is die Bybel en ’n dominee wat vir jou die Tien Gebooie in die kerk voorlees, en sê die Here sê: “Jy moenie”.

### **3. Die koekie-voorbeeld**

Kom ons kyk hoe werk hierdie sondige geaardheid binne-in mense wat net ’n rede soek om met God te baklei!

Kleinboet sit in sy kamer en rekenaarspeletjies speel. Grootboet het gaan koeldrank en koekies koop vir sy partytjie en gaan sit dit in die kombuiskas. Hy stap na

Kleinboet se kamer. Kleinboet sit vasgenael agter die rekenaar. Waaraan dink hy? Hy dink aan die speletjie wat hy speel: aan hoe vinnig hy dit speel, hoe hy die hindernisse gaan uitoorlê, hoe vinnig hy na 'n moeiliker graad gaan aanbeweeg en hoe vinnig hy die volgende verbeterde uitgawe gaan koop. Wat sien hy? Hy sien net die prentjie van vyande, gewere en hindernisse voor hom. Waarvoor is hy lus? Hy is net lus vir die speletjie en as iemand met hom praat, maak hy net so “uh”, maar hoor niks nie.

Grootboet sê vir Kleinboet: “Die koekies en koeldrank in die kombuiskas is vir my partytjie Vrydagaand. Moenie dit vat nie.” Kleinboet staar nog steeds na die skerm met oorlogsprentjies op. Maar wat sien hy nou voor hom? Al wat hy nou raaksien is koekies en koeldrank! Op die skerm sien hy niks meer raak nie. Waarvoor is hy nou lus? Sy vingers beweeg nog op die sleutelbord, maar dit is al. Hy is nie meer lus vir rekenaarspeletjies nie. Hy is nou lus vir koekies en koeldrank!

Dit was nie die duiwel of 'n demoon nie. Dit was nie sy slegte vriende of drank nie. Dit was ook nie sy swak verhouding met sy ouers nie. Dit is net hy en Grootboet met sy wet! Net hierdie Grootboet-reël: “Jy mag nie my koekies vat nie!”, was al wat Kleinboet nodig gehad het om self wakker en lus te word vir Grootboet se koekies en koeldrank. Hy sál die koekies vat. Hy gáán die koeldrank drink.

#### **4. Mense voel God is Grootboet en hulle is Kleinboet**

Dít is hoe mense voel hulle is God se vyande. Hulle voel dat God Grootboet is en dat hulle Kleinboet is. Kan julle sien hoe gevaarlik hierdie houding binne-in mense is: elke keer as God met hulle praat, voel en dink hulle God probeer Grootboet wees en God wil hulle Kleinboet maak.

Hierdie houding maak dat mense elke keer lus word om vir God te wys hulle sál sonde doen, wanneer God vir hulle wys wat hulle moet doen en wat hulle nie moet doen nie.

#### **5. Jesus het ons van hierdie houding verlos**

Jesus het ons kom verlos van hierdie houding dat ons voel God is net 'n Grootboet wat ons Kleinboet wil maak. Kyk hoe sê Paulus dit: <sup>24</sup>*Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?* <sup>25</sup>*Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.*” Romeine 7.

Dít is wat Jesus vir ons doen wanneer Hy vir ons begrawe word: Hy begrawe God se vyandskap teen ons. God se vyandskap maak ons houding dat God Grootboet is en ons Kleinboet is, net wakker en sterk.

Daarom begrawe God ook ons houding om te maak asof Hy Grootboet en ons Kleinboet is, saam met Christus.

## **6. God is Vader en ons is Sy kinders**

Kom ons kyk hoe God ons van hierdie houding verlos.

Pa en seun boer saam. Hulle staan saam en vleisbraai en kuier oor die boerdery. Die pa sê vir sy seun: "Moenie die nuwe trekker daar op die klipbanke gebruik nie. Gebruik die ou trekker." Gaan hierdie reël die seun lus maak om met die nuwe trekker op die klipbanke te gaan rondry? Dit gaan nie. Hoekom nie? Want hulle is pa en seun wat saamboer. Die seun wil hóór wat sy pa sê. Hy wíl sy pa se wysheid en leiding hê. Want in elke reël hoor hy hierdie besondere pa-en-seun-verhouding: ons boer saam. In elke reël hoor hy hoe besonders sy pa hom as seun maak, deurdat hy saam met sy pa kan wees en saam met sy pa kan boer. Hy hoor nooit in hierdie saampraat oor saamwerk op die plaas, iets wat klink soos 'n Grootboet-en-Kleinboet-verhouding nie. Hy hoor heeltemal 'n ander verhouding in hierdie reëls wat vir hom gegee word. Hy kan nooit hierdie reëls hoor as Grootboet wat vir Kleinboet klein wil laat wees nie.

## **7. Ons leef met die geloof dat ons God se kinders is**

Ons glo dat God se vyandskap teen ons saam met Christus begrawe is. Dit is onder die grond weggesit en dit kan nooit weer opstaan nie.

Wat doen ons wanneer iemand begrawe is?

Gaan ons ooit weer na 'n graf toe en maak dit oop om te kyk of iemand dood is? Gaan ons ooit weer en maak die graf oop om weer met daardie persoon te baklei as ons vir hom kwaad was?

Nee. Begrawe beteken dit is verby. Net so is God se vyandskap teen sondaars vir altyd begrawe. Dit is vir altyd weg. Daarom begrawe God ook ons houding wat van God 'n Grootboet wil maak wat ons net lus maak vir sonde.

Kyk hoe sê die Bybel dit:

*"<sup>4</sup>Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei."* (Rom. 6)

Ons doop wys dat ons God se kinders is. Ons kan nooit weer dink dat God net ons Grootboet is wat ons soos Kleinboet wil laat voel nie.

Hierdie manier van voel en dink oor God, het God begrawe toe Christus begrawe is, om ons só altyd deel van die vriendskap van God te maak.

## Les 19 Die Here begrawe ons sondige geaardheid

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

\_\_\_\_\_ Handtekening: ouer of voog